Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 21 van 2022

22 Mei 2022

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Christus nooi ons binne sy verhaal in, nie andersom nie

"Ek het vir Jesus in my lewe ingenooi." Dikwels hoor jy sulke opmerkings. Mense nooi graag vir Jesus in hulle hart in, maar eintlik gebeur dit net mooi andersom. Jesus nooi mense in sy eie verhaal in. Dit is nie ons wat op 'n goeie dag besluit om Hom in ons lewe toe te laat nie. Dit is nie ons wat besluit ons is gereed om ons hart vir Hom te gee, of om 'n paar veranderinge aan ons lewe aan te bring nie. Nee, Jesus nooi ons na Hom toe. Dit is Hy wat ons deel maak van sy groter en ruimer verhaal. Sy eerste woorde aan ons is: "Volg My." Sy roeping nog altyd is dat ons ons lewe moet opruil vir Syne. En dat ons ons harde en dooie harte moet inruil vir Syne. As Christus ons deel maak van sy verhaal, dan word Hyself die nuwe hoof-verhaal van ons lewe. Ons leef uit Hom. Ons lewenstekste word geskryf en herskryf in terme van Jesus se woorde en dade. Ons is saam met Hom gekruisig soos wat Paulus in Romeine 6 skryf. Ons is nuwe mense wat deel is van 'n nuwe lewe met 'n nuwe Here. In hierdie nuwe lewe is Christus ons Rolmodel van liefde, opoffering en daarwees vir mekaar. Ons volg Hom as Heer. Ons pas ons lewe aan by Hom. By Jesus leer ons hoe reg en eg mens te wees. By Hom leer ons om God en mekaar lief te hê. Hoor vandag opnuut weer hoe Christus jou nooi om jou lewe op te ruil vir Syne. Volg Hom!

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

*Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
*Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
*Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-volle herstel
*Bid vir mense wat COVID-19 het
*Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
*Bid vir Tannie Marinda Jordaan vir volle genesing
*Bid vir Hanna Pienaar-sy het kanker vir volle genesing
*Bid vir Nollie Pretorius vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Hester Weldhagen vir nabyheid van die HERE
*Bid vir die oorlog in Oekraïne en die families wat swaar kry
*Bid vir Suzelle Barckhuizen vir volle herstel
*Bid vir Ria Putter vir genesing en nabyheid van die HERE
*Bid vir Eberhard Carshagen vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Marga Holtzhausen vir volle genesing
*Bid vir Tonie Redelinghuys vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Jaap Naudé
*Bid vir Johan & Belinda Kotzé vir volle genesing
*Bid vir David Huxham se pa vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Jan Viljoen vir volle genesing-het aar-vervanging gekry in sy kuit

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN

Gedagte vd week

"Laat dit weer met ons goed gaan, o God, verskyn tog tot ons redding!"

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.